# DIE INVLOED VAN DIE ONDERWYS OP ONS SUID-AFRIKAANSE BESKAWINGSPATROON

As ek, uit 'n wetenskaplike oogpunt gesien, reg aan hierdie lesing moet laat geskied, sou hierdie lesing hoofsaaklik drie komponente moet hê, naamlik: wat word alles ingesluit in ons beskawingspatroon, wat is die doel en wese van die onderwys en daarna sou ons dan kon aantoon wat die invloed van die onderwys gedurende ons geskiedenis op ons beskawingspatroon was.

U was so vriendelik om te sê dat onder beskawingspatroon ons breedweg die besondere aard van die Suid-Afrikaanse beskawing verstaan in teenstelling met baie ander soorte beskawings in die wêreld, met besondere aandag aan die historiese ontwikkelinge en huidige stand ten opsigte van die Wes-Europese Blanke Afrikaanse (dit wil sê, uit Afrika, tweetalige, veelrassige, sosio-ekonomiese, ens.) karakter daarvan.

Kort gestel, verwys beskawingspatroon, volgens my beskeie oordeel, na die totale leefwyse van 'n volk — sy taal, godsdiens, ekonomie, handel, nywerheid, landbou, tradisies — ja alles van die resep af waarvolgens die boervrou haar melktert bak tot die hoogste wat die beeldende en uitvoerende kunste ons bied.

## Ou beskawingspatroon

Laat my toe om eers twee beskawingspatrone vir u te beskryf — die een waarvan sommige van ons nog sy laaste stadium helder in die geheue omdra en die ander waarvan ons tans in die midde staan.

Laat ons dink aan die omstandighede en die omgewing waarin ons ouers opgegroei het.

Die grootste getal kinders is op plase of klein dorpies gebore. Gesinne, wat elk 'n groot aantal kinders ingesluit het, waarvan die ouderdomme min van mekaar verskil het, het min of meer in dieselfde omgewings gewoon, waar hulle in 'n landelike samelewing in noue aanraking met die grond, groeiende plante en diere opgegroei het.

Die ouers en kinders het saam hulle wonings gebou, en die grootste deel van hulle voedsel en klere geproduseer. Elke

persoon het 'n eenvoudige maar 'n definitiewe funksie in hulle sosiale en ekonomiese wêreld gehad.

Die lewenspatroon was so eenvoudig dat elkeen kon waarneem hoedat goedere geproduseer en verbruik word. Dit het nie net van die plase gegeld nie maar ook in die dorpies kon die gang van sake met een oogopslag waargeneem word.

Elke persoon het 'n definitiewe plek in die samelewing gehad, soos die predikant, die onderwyser, die messelaar, die grofsmid of die meulenaar. Selfs die eenvoudigste kon die werking van die gemeenskap verstaan.

Behalwe wat kleiner godsdienstige en politieke verskille betref, het almal uit een mond gepraat, dieselfde dinge aangehang of verwerp en het die tradisies en gewoontes van die dag die individu op die regte pad gehou, sodat daar min oortredings teen die heersende godsdienstige en maatskaplike opvattings was.

Die onderwyser was die vriend en raadgewer van kind en ouer, terwyl die predikant 'n besonder invloedryke persoon was.

**Kennis die grondslag van nuwe beskawingspatroon**

Die onderwys het stadig maar seker die lig wat kennis met hom meebring versprei, en deur die aanwending van daardie kennis is hierdie eenvoudige gemeenskappe geheel en al omgeskep. Deur wetenskaplike navorsing is outomatisasie ingevoer, waardeur prosesse van massaproduksie met die gepaardgaande verdeling van arbeid, die samelewing grootliks verander het. In Transvaal, byvoorbeeld, is vyf-en-sewentig persent van die Blankes in Pretoria, Johannesburg, Vereeniging, Potchefstroom en Klerksdorp saamgetrek. In hierdie stede en dorpe het baie vaders en selfs moeders 'n rat in 'n masjien geword.

Waar die huisgesin vroeër as 'n geïntegreerde eenheid sy eie produkte gekweek en verbruik het, word ons hedendaagse samelewing gekenmerk deur indiwidualiteit van die gesinslede. Die vader is 'n ingenieur wat van plek tot plek beweeg om brûe te bou. Die moeder is 'n radio-omroepster wat saans radioprogramme uitsaai, en die kinders versprei deur die dag oor die hele stad — elk volgens 'n eie program.

Die saaltjie waarin vroeër kerk gehou is, is vervang deur sierlike kerkgeboue waarvan die toringnaalde die lug insteier, en die ou skoolgeboutjie wat eintlik maar net die kinders uit die son en reent moes hou is vervang deur moderne skole, kolleges en universiteite. Ja ons leef in 'n samelewing waar die motor, yskas, radio en universiteitsgraad binne bereik van almal gekom het.

**Onderwys altyd aangebied**

As ons terugkyk in ons geskiedenis — en die Transvaalse geskiedenis illustreer die punt voldoende — dan sal ons sien hoedat die lig wat die onderwys met hom meebring deur die moeilikste omstandighede brandende gebly het.

Sodra die Trekkers in die noorde van Transvaal tot stilstand gekom en die nodige huisvesting vir hulleself voorsien het, is daar dadelik gepoog om onderwysgeriewe vir hulle kinders beskikbaar te stel. Op 23 Maart 1837 teken Trichardt in sy dagboek aan: „. . . en het Pieta een span osse uitgejaag om hout te haalen voor de school". En op Saterdag, die 25e teken hy aan „. . . heb Pieta dekgoed voor die school aangesleep".

Sedert hierdie nederige begin met 'n „skoolhuis", wat waarskynlik uit kleimure en 'n grasdak en 'n enkele deur en miskien 'n paar vensters bestaan het, het die toestand tot vandag, waar ons oor soveel gespesialiseerde onderwysinrigtings beskik, grootliks verander. En daardie klein liggie van kennis, kultuur en beskawing wat so flou daar tussen die bosse en berge in die noorde begin brand het, is stadig maar geleidelik deur ander beskawingsliggies gevolg.

**Onderwys op alle vlakke beskikbaar**

Die omvang van ons onderwys en die invloed daarvan op ons beskawing blyk uit die uitgebreide gespesialiseerde onderwysdienste wat vandag in die Republiek bestaan. In hierdie verband word gedink aan: kleuterskole, laerskole, spesiale skole vir verstandsafwykendes, spesiale skole vir gedragsafwykendes, spesiale skole vir liggaamlik afwykendes wat, onder andere, die volgende insluit: skole vir blindes, swaksigtiges, dowes, hardhorendes, serebraalkreupeles, epileptici sowel as skole vir algemene gevalle met liggaamlike afwykings; akade-

miese hoërskole, hoër tegniese skole, hoër handelskole, hoër huishoudskole, hoër landbouskole, bosboukolleges, tegniese kolleges, landboukolleges, onderwyskolleges en universiteite.

Afgesien van al hierdie onderwysgeriewe wat op 'n voltydse basis aangebied word, word daar ook verskillende opleidingsgeriewe op 'n deeltydse of 'n korrespondensiebasis aangebied, sodat daar vandag geen verskoning vir iemand in Suid-Afrika bestaan as hy homself nie voldoende kwalifiseer om 'n geskikte bydrae tot die vooruitgang van homself as persoon en van die land as geheel te maak nie.

**Onderwys magtige kultuur- en beskawingsmiddel**

Die onderwys verkeer in die unieke posisie binne enige land dat, as dit reg aangewend word, dit een van die magtigste kultuur- en beskawingsmiddele kan wees. In Suid-Afrika loop sy invloed wyd en diep oor die hele bevolking en word sy vormende invloed deur almal ervaar van die „onopvoedbare" af aan die onderste einde van die bevolking wat deur die onderwys slegs gesosialiseer kan word, tot die meer intellektueles op die boonste vlak aan wie meer gevorderde hoër onderwysprogramme gebied kan word.

**Onderwys steeds op Christelike grondslag**

Deur ons hele geskiedenis was die geestelike vorming van ons kinders vooropgestel in ons onderwys. Die Skrif gee aan ons hier 'n tweeledige opdrag, nl. jy moet God liefhê bo alle dinge en jou naaste soos jouself. Met ander woorde, ons verhouding tot God en ons medemens moet reg wees. Hierdie doel is reg raakgesien deur hierdie Universiteit, waar hy die woorde van Timotheus onderstreep het, nl. dat ons „mense Gods, tot alle dinge volkome toegerus" moet opvoed. Dít, meer as ander dinge, was die vernaamste onderwysdoel van ons voorsate. En die geskiedkundige omstandighede het baie daartoe meegewerk dat hierdie doel *die grondslag van ons lewens- en wêreldbeskouing geword het.*

In die dae van die Groot Trek en ook nog jare daarna het ons voorouers in die skool en in die huis weinig ander leesboeke as die Bybel gehad. En die Bybel het nooit weer sy plek in ons onderwys verloor nie — trouens die Bybel beklee van-

dag 'n besondere plek in ons skole.

Waar hy sy plek as leesboek moes afstaan, het sy gees en sy boodskap deur die jare steeds 'n rigtinggewende en behoudende invloed uitgeoefen op die sekulêre deel van die onderwysprogram — 'n invloed waarby ons laer-, middelbare en hoër-onderwysprogramme grootliks gebaat het. Saam met ons kerke moet ons skole gesien word as van die magtigste faktore wat verantwoordelik daarvoor is dat ons beskawing as Christelike beskawing ontwikkel het.

Dit is egter nodig dat ons iets meer sê oor die skool se invloed op ons Christelike volkskarakter — want in hierdie opsig dra ons volk 'n eie en besondere karakter.

Waar die Bybel as leesboek uit die skoolprogram verdwyn het, behalwe in uitsonderlike gevalle, vorm hy in Godsdiensonderrig die basis daarvan. En hier dien die Bybel nie slegs as 'n bron waaruit die blote Bybelgeskiedenis geleer word nie — in Godsdiensonderrig word gepoog om die gees van Christus uit te dra en as integrale deel van die lewens- en wêreldbeskouing van elke kind in te skerp.

Waar ons Grondwet ons volk stel onder die oppergesag van God, gaan ons provinsiale onderwyswetgewing daartoe oor om verdere substansie daaraan te gee deur te bepaal dat die skooldag met Skriflesing en gebed sal begin en om ook die lesure wat in die laer- en middelbare skool aan godsdiensonderrig bestee moet word, voor te skryf.

En hier het die grootste deel van ons onderwysers deur die jare 'n besondere geleentheid gesien, deur nie slegs binne die afgebakende voorskrif van die letter van die wet te bly nie, maar sodanig op te tree dat die gees van die wet tot sy reg kom en dat die invloed van die Bybel soos 'n breë helder stroom deur ons onderwys vloei. Godsdiensonderrig in die skool, is in baie gevalle die enigste godsdiensonderrig wat sommige leerlinge deur die jare gekry het en vorm saam met die godsdiensonderrig wat die kerk aanbied die Christelike grondslag van ons eie tipiese Suid-Afrikaanse lewensuitkyk.

Geen wonder nie dat ons volk in tye van nood, soos onder andere met die onlangse droogte, hom in groot getalle na sy Skepper wend — want die gemoed van ons jeug word deurdrenk met die Vaderskap van God en sy openbaring aan die mens. Die Christelike grondslag van ons beskawing is in geen

geringe mate nie toe te skryf — sonder om die rol van die kerk of die huis te onderskat — aan die Christelike inslag van ons onderwys.

### Geletterd deur die jare

Die mate waartoe die kultuur en beskawing van een geslag op die ander oorgedra kan word, hang in 'n groot mate af van die onderwyspeil van die bevolking. Dit is op hierdie gebied dat die onderwys in Suid-Afrika sy grootste triomf behaal het. Waar ongeletterdheid tot vandag toe nog in sommige blanke Europese state voorkom, was ongeletterdheid nooit 'n kenmerk van die Blanke in Suid-Afrika nie — en omdat die onderwys — hoe swak ook al gedurende sekere tye van ons geskiedenis — ongeletterdheid voorkom het, het die Blanke beskawing behoue gebly.

### Onderwyspeil fenominaal verhoog

Maar sedert die begin van hierdie eeu het die onderwyspeil van ons volk buitengewoon en stelselmatig toegeneem. U sal my vergun om 'n paar statistieke te noem om die bydrae wat ons onderwys in die intellektuele uitbouing van ons beskawing gelewer het, te illustreer. In 1930 het maar ± 40 persent van die vorige jaar se leerlinge van st. 6 deurgedring na st. 7, terwyl in 1964 ± 95 persent sover gevorder het. Dieselfde syfers vir st. 8 is 30 persent en 80 persent, vir st. 9, 20 persent en 55 persent terwyl dit vir st. 10 ± 10 persent en 45 persent is, vir die land as geheel. In werklikheid beteken hierdie syfers dat daar wat intellektuele ontwikkeling en onderwyspeil betref, 'n nuwe bevolkingsamestelling besig is om plaas te vind waarin 45 persent van die volk minstens die st. 10-peil bereik en 80 persent minstens die st. 8-peil. Die implikasie hiervan is dat in vergelyking met die verlede die opvoedkundige peil van die samelewing besig is om snel toe te neem.

Die groter bydrae op alle gebiede deur 'n bevolking waarvan soveel as 45 persent oor minstens 'n st. 10-sertifikaat beskik, kan nie gering geskat word nie. As ons hiermee saam in gedagte hou die snelle uitbreiding van ons universiteitsonderrig, sodat die persentasie persone uit ons bevolking wat universiteitsonderrig ontvang van die hoogste in die wêreld

is, dan kan die invloed van die verhoogde onderwyspeil op ons beskawing begryp word.

### Onderwys bevorder kunste

Ook op estetiese gebied maak die onderwys 'n besondere bydrae tot die ontplooiing van ons beskawing. Hier word gedink aan die letterkunde, beelhoukuns, skilderkuns, kunsnaaldwerk, kunshoutwerk en -metaalwerk, musiek, die toneel, die teater, ens. Die bydrae van die onderwys op hierdie gebied bestaan daarin dat die leerlinge in die geleentheid gestel word om te ontdek of hulle oor talent beskik om 'n vaardigheid in een of ander skeppende aktiwiteit te ontwikkel, hulle geleer word hoe om kuns onderskeidend te geniet en te waardeer en om self kuns te skep.

In die laerskool maak die leerling kennis met Kunsvlyt, wat meer daarop gerig is om geleenthede vir skeppende aktiwiteit te bied en om te ontdek watter leerlinge oor werklike kunsaanleg beskik. Nadat die leerling getoon het of hy oor aanleg in die verband beskik, gaan hy na die hoërskool, waar Kuns as 'n keusevak gevolg kan word deur diegene wat die nodige aanleg daarvoor het, en op universiteit bestaan die studierigting Skone Kunste met al sy verskillende vertakkinge. Ook aan ons tegniese kolleges is daar kunsskole verbonde waar, onder andere, veral aandag gegee word aan Handelskuns.

Die invloed van kunsonderwys vloei geruime tyd al so sterk in ons land dat die skilder- en beeldhoukuns ons argitektuur binnegedring het, dat kunsnaaldwerk, mosaïek- en muurskilderye ons luisterrykste monumente en geboue begin versier en dat die uitvoerende kunste op provinsiale gebied in verskillende vertakkings georganiseer en aangebied word.

Ook wat musiekonderrig betref, word leerlinge geleer om musiek te geniet en om musiek te verskaf en te komponeer. In ons laerskole is Skoolmusiek 'n verpligte vak, wat selfs gedurende die eerste drie jaar van die hoërskoolloopbaan voortduur. Aan die begin van die hoërskool word Instrumentale Musiek as keusevak aangebied en hierdie musiekprogramme van ons onderwys saam met private musiekonderrig, kunskonserte wat hoofsaaklik deur die onderwys georganiseer en geïnspireer word en kunswedstryde, bied 'n musiekbedrywigheid wat nie anders kan nie as groot invloed uit te oefen op

die luistergenot wat ons put uit die radio, ons simfoniekonserte en ander sang- en musiekfeeste en die musieklewe in ons land in die algemeen.

**Bevorder liggaamskultuur**

Op die gebied van liggaamlike opvoeding lewer die onderwys, veral gedurende die laaste 30 jaar, 'n besondere bydrae waardeur alle vorme van liggaamskultuur grootliks bevorder word. Die toenemende eise wat die samelewing aan die liggaam en aan die verstand van die mens stel, vereis dat die fisiese ontwikkeling van 'n mens sodanig moet wees dat hy liggaamlik in staat sal wees vir die verstands- en fisiese take wat hy sal moet verrig.

Die onderwys het hom deur die jare daarop toegespits om eerstens die grondslag vir liggaamlike opvoeding by die leerlinge tuis te bring, naamlik dat die liggaam 'n tempel van God is. Aan die leerlinge word kennis verskaf oor die wonder van hulle liggame, oor gesonde eetgewoontes en gesonde gewoontes ten opsigte van liggaamlike en geestesgesondheid, en dit word aangevul deur liggaamsoefeninge en sport.

Hierdie geïntegreerde onderwysprogram ten opsigte van liggaamlike opvoeding het daartoe gelei dat die beskawing in ons sonnige land 'n sterk sportkomponent het en gekenmerk word deur besondere prestasies nie alleen interprovinsiaal en op nasionale vlak nie maar ook internasionaal.

Dit is egter nodig dat, indien ons beskawing en intellektuele basis en die ontwikkeling van die verstand van ons mense op 'n gesonde grondslag gehou moet word, daar 'n gesonde balans tussen die beoefening van sport en die onderrig- en opvoedingsaspekte van die onderwys gehandhaaf moet word. Sport is 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel op sigself nie, en daarom is die invloed van die onderwys op hierdie aspek van ons samelewing meer om die gesonde beoefening van sport te bevorder en om dit deur die nodige voorligting en opvoeding in die regte bane te lei en so die gesondheid van die volk te bevorder.

**Onderwys skep sosiale gewete**

Ook ten opsigte van die sosiale aspekte van ons samelewing

of beskawing het die onderwys 'n besondere bydrae gelewer, veral in die skepping en ontwikkeling van sosiale gewetes wat nodig is vir voortdurende en regte aanpassing met betrekking tot ander rassegroepe, ander taalgroepe, lede van ander kerkverbande, ens. Vir die doeltreffende sosiale aanpassing van ons mense het die onderwys hulle reeds geruime tyd gelei deur middel van die onderrig van spesifieke vakke soos Godsdiens, Geskiedenis, Volkekunde en Voorligting om 'n eie lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel en om teen daardie agtergrond dan sy aanpassing te maak.

Kennis van die Bybelse, vaderlandse en algemene geskiedenis het deur die jare daartoe bygedra om 'n besondere agtergrond te vorm vir die ontwikkeling van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing by leerlinge, en aangevul deur die Aardrykskunde het dit aan die kind getoon hoe afhanklik die mens van sy fisiese omgewing is en hoedat die mens in sy ekonomiese bedrywigheid van ander individue, rasse en volke afhanklik is.

**Onderwys grondslag van ekonomiese bedrywigheid**

Toe ons voorouers uit Europa driehonderd jaar gelede hier aangekom het, het die donkerheid van die eeue soos 'n swaar kleed oor die suidpunt van Afrika gelê. Afgesien van die teenwoordigheid in die meer afgeleë gebiede van nomadiese rasse, was die land woes en leeg en was hier geen vorm van beskaafde lewe nie. Van daardie begin af tot vandag het Suid-Afrika verander in 'n vooruitstrewende sosiale en ekonomiese laboratorium.

Die handelsgerigte en tegniese komponente van die onderwys, het deur die jare in toenemende mate 'n bydrae gelewer tot die opleiding van ons ekonomies-bedrywige bevolking. 'n Kort beskrywing van die ekonomiese ontplooiing van ons land sal aantoon hoedat hierdie ontwikkeling hand aan hand gegaan het met en in 'n groot mate gebaseer was op ons onderwysontwikkeling.

Volke gaan in 'n ekonomiese sin min of meer vyf ontwikkelingstadia deur. Die eerste stadium is die tradisionele of landelike gemeenskap waar meer as 75 persent van 'n land se arbeidskragte deur die landbou geabsorbeer word. Dit is die stadium waarin ons land was net nadat die Trekkers hulle in die Noorde gevestig het.

Die tweede stadium is die oorgangsperiode waarin die fondamente vir toekomstige ontwikkeling gelê word. Gedurende hierdie stadium word omtrent 5 persent van 'n land se inkomste in ontwikkelingskemas belê: banke ontstaan, die handel brei uit en hier en daar word fabrieke gestig. Suid-Afrika was in die tyd van die ontdekking van diamante tot plus-minus 1900 in hierdie stadium. Onderwysgeriewe het intussen meer algemeen begin word en die land het gereed geword vir die derde of wegspringstadium

Hierdie is 'n korter periode, wat min of meer twintig na veertig jaar duur en waarin 'n volk se beleggings in die nywerhede styg na omtrent 10 persent van sy jaarlikse inkomste. Die ekonomiese ontwikkeling is min of meer outomaties in hierdie stadium gedurende ± 1900 tot 1950. Intussen is tegniese en handelsonderwys op middelbare en veral hoër onderwysvlakke skerp uitgebrei en het daar 'n stroom rekrute uit ons skole, tegniese kolleges en universiteite begin stroom wat die land gereed gemaak het vir die vierde stadium waarin die volk in opvoedkundige, politieke en ekonomiese sin min of meer rypheid bereik het.

In die rypere ekonomie word normaalweg van 10 tot 20 persent van die volksinkome weer belê. Die nywerheidsproduksie het die behoeftes van die bevolking begin oorskry en ons land kon begin met die meer ingewikkelde produksieprosesse van masjiengereedskap, chemikalieë, elektriese toebehore, ens.

As gevolg van ons verhoogde onderwyspeil, die hoë persentasie van ons bevolking wat universiteitsonderwys geniet en die standaarde van ons universiteite, het dit moontlik geword om intussen die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad met al sy vertakkinge tot stand te bring, wat 'n groot bydrae gelewer het om daardie kennis, vaardigheid en vermoë te help beskikbaar stel wat die land in staat stel om te produseer wat hy verkies. Suid-Afrika is waarskynlik in die laaste helfte van hierdie stadium. Wanneer hierdie stadium voltrek is, moet ons gereedmaak vir die vyfde stadium, waar daar bewustelik gekies moet word watter ontwikkelingsrigtings ingeslaan moet word. Daar is verskeie keuses waaroor in die verband besluit sal moet word. Eerstens of die lewenspeil van die bevolking baie verhoog moet word sodat hulle in staat sal wees tot massaverbruik van verbruikersgoedere of bv. dat daar op groot

skaal verbetering en uitbreiding van welsynsprogramme en dienste moet kom. Hiermee sal gepaard gaan die beskikbaarstelling van baie meer vrye tyd vir werkers — 'n saak waarvan die onderwys wel deeglik kennis sal moet neem in sy voorbereiding van mense vir 'n suksesvolle en doeltreffende lewens bestaan.

### Onderwys lewer meertaligheid

Daar is reeds gemeld dat die onderwys 'n magtige kultuur- en beskawingsmiddel is. Een van die besondere kenmerke van ons Suid-Afrikaanse beskawingspatroon is die verskillende tale wat deur verskillende taalgroepe gepraat word sowel as die meertaligheid van die lede van die individuele taalgroepe. Anders as in meeste ander lande, het Suid-Afrika twee amptelike tale wat verpligte skoolvakke is van die laagste klasse tot st. 10. Hierdie feit het ten gevolg dat 'n groot deel van ons verskillende bevolkingsgroepe oor 'n redelike mate van tweetaligheid beskik. Deur die jare is dit egter ook 'n besondere kenmerk van ons middelbare onderwyspatroon dat daar derde tale bestudeer word, en tans begin die verskynsel al meer posvat dat daar met 'n studie van vierde tale begin word al is dit op die oomblik net deur 'n kleiner persentasie van ons hoërskoolbevolking. Die Suid-Afrikaner word gevolglik gekenmerk deur die redelike gemak waarmee hy deur groot dele van die wêreld kan beweeg en homself steeds verstaanbaar kan maak. Hierdie meertaligheid het egter ook hierdie invloed dat net soveel kulture as die Suid-Afrikaner se taalkennis vir hom kan ontsluit, toeganklik word vir ons studente en ons beskawingspatroon kan verryk.

### Onderwys die basis van die Staat

Plato het reeds gesê die onderwys is die basis van die staat. Die geskiedenis van ons dag illustreer op 'n besondere wyse die onstabiliteit van state waarvan die bevolkings se onderwyspeil op 'n laer vlak verkeer. Die oueres van ons sal hulle nog herinner met watter heftigheid politiek in ons land gevoer is gedurende die eerste deel van hierdie eeu. Namate die opvoedkundige peil van die bevolking gestyg het, het daar 'n groter begrip ontstaan vir staatkundige beginsels en beleid,

sodat die politieke stryd vandag op 'n redelike hoë vlak plaasvind en in 'n groot mate 'n saak vir die rede geword het. Die hoër onderwyspeil stel die individu in staat om meer onderskeidend te kan dink en te kan oordeel, en hierdie besondere feit het seker 'n groot bydrae gemaak tot die voortdurende staatkundige stabiliteit in Suid-Afrika, die groter samewerking tussen staande bevolkingsgroepe wat gegrond is op groter verdraagsaamheid en daarmee saam meer inisiatief, hoër produktiwiteit en groter ekonomiese voorspoed. Daar is ook ander lande waarmee hierdie stelling gestaaf kan word.

**Toekomstige uitbouing van ons beskawing deur die onderwys**

By die afsluiting van 'n onderwerp soos hierdie is dit goed om 'n blik te werp op die toekomstige uitbouing van ons beskawing na binne en na buite deur middel van die onderwys. Vir dié doel is dit nodig dat die onderwys baie nader aan die kern van ons binne- en buitelandse beleid en praktyk moet beweeg. Dit is 'n saak wat ten opsigte van binnelandse beleid in die verlede al telkens aandag geniet het.

Die pogings van bv. Lord Charles Somerset en ook ander instansies om die land onder andere deur middel van die anderwys te verengels, is 'n voorbeeld hiervan.

Maar in die geval van onderwys as deel van binnelandse beleid is dit 'n saak vir suiwer dink, sodat die belang van die land steeds eerste gestel sal word. Daarom is ons vernaamste doel met ons onderwys die stelselmatige inlywing van die kind in ons Christelik-Westerse kultuur soos dit in Suider-Afrika besig is om te ontwikkel. Maar daar word nie slegs beoog om hom te deurdrink met ons bestaande kultuur nie maar ook hom sodanig toe te rus dat hy kultuurskepper en kultuurbouer kan word.

Die wetgewing ten opsigte van twee amptelike tale as vakke en as media van onderrig, sowel as ten opsigte van Godsdiensonderrig is voorbeelde waar die onderwys deel van die binnelandse beleid van 'n volk vorm.

Uit ons klaskamers kom ons toekomstige presidente, eerste ministers, regters, predikante, onderwysers, medici, generaals, professore, advokate, werktuigkundiges, arbeiders en mense uit elk van die talle beroepe in Suid-Afrika. Hulle is almal die draers en uitbouers van ons beskouing. Daar is dus

geen verdere betoog voor nodig dat die onderwys die belangrikste binnelandse taak van enige volk en sy regering en die vernaamste item in sy sosio-ekonomiese program is nie.

### Onderwys as deel van ons buitelandse beleid

Ons en ons beskawing is — of ons nou daarvan hou of nie — maar ek meen ons hou daarvan — deel van hierdie rustelose vasteland van Afrika. En die dag wanneer ons hierdie feit vergeet en nie die nodige aanpassings in die verband — en hier verwys ek na behoudende aanpassings — maak nie, sal die lot van ons Christelike Blanke beskawing verseël wees. Daarom moet ons onderwys deel van ons buitelandse beleid vorm.

Die stelling is al gemaak dat Afrika vandag is soos 'n kraaminrigting vol te vroeg gebore babas en dat dit nou te laat is om geboortebeperking toe te pas. Die probleem waarvoor die wêreld — en veral ons — vandag te staan gekom het, is hulp aan die te vroeg-geborenes.

Hierdie volke is „bevry" van hulle voogde — volgens hulle eie menings van die „kettings van slawerny en kolonialisme" — maar hulle onderwyspeil is nog sodanig dat hulle bevryding blykbaar tevergeefs is. In 'n geskarrel om wêreldinvloed en ook seker om humanistiese redes, bied talle lande allerlei onderwysgeriewe aan die jeug van hierdie volke.

En hier is dit waar die Republiek 'n besondere roeping het al is die klimaat nie vandag so gunstig daarvoor nie. Hy beskik oor onderwysfasiliteite en ervaring wat gegroei het uit die bodem van Afrika vir Afrika, wat op geskikte wyse deur middel van die goeie dienste van ons Buitelandse Kantoor tot groot voordeel van Afrika en die uitbouing en konsolidering van ons beskawing aangewend kan word. Die tyd sal vroeeër of later hiervoor gunstig word.

Dit is een van die middele waardeur op 'n langtermynbasis gesonde vriendskappe tussen volke en kontakte tussen hulle beskawings opgebou kan word wat sal berus op wedersydse kennis, begrip en agting en wat daartoe mag lei dat die gevaarlike verskynsel dat ons land vinniger ryker word as wat talle Afrikalande maar net besig is om minder arm te word, met al die implikasies daaraan verbonde, in 'n mate bekamp kan word.

## Klem verskuiwe in die onderwys

Die swaartepunt in die onderwys het beweeg van die laer- na die middelbare skool en is tans besig om te verskuiwe na die universiteit. Op al hierdie onderwysvlakke vind so 'n snelle vermenigvuldiging van kennis plaas dat die beperktheid van die menslike verstand al duideliker te voorskyn kom.

Daar word vandag beweer en seker ook tereg, dat ons beskouingspatroon al meer tegnologies van aard word in ons landbou, nywerhede, industrieë en veral ons verdediging. Doeltreffendheid en 'n hoë tegnologiese standaard is 'n goeie toets vir ons beskawing.

Dit is wel so, maar dit is nie die hele waarheid nie — want die werklike toets van ons beskawing, die vernaamste toets vir ons trou aan ons geskiedenis en al ons ander kulturele erfenisse, lê nie in die opbrengs van ons landbou, die sterkte van ons leër of die grootte en krag van ons masjiene nie, maar in die karakters van ons seuns en dogters, ons mans en vroue en in die kwaliteit van die lewes wat hulle lei.

Die hoë peil wat ons nog vandag in die verband handhaaf is onder andere daaraan toe te skryf dat die onderwys en die skool van vandag nie slegs 'n plek is waar leerlinge net maar slaag en druip nie, maar dat die skool besig is om te groei tot 'n opvoedkundige inrigting in die hoogste sin van die woord, waar potensiaal geïdentifiseer en ontwikkel word, waar verdienste gesoek en bevorder word en waar die opvoeding van die hele mens beoog word. Daarom is die onderwysinrigtings vandag die belangrikste inrigtings in 'n land veral ook omdat deel van die grondslag wat hulle lê, opvoeding tot verantwoordelikheid is. Want afgesien van die karaktervorming wat vir 'n samelewing en sy vooruitgang nodig is, berus die rykdom, die produktiwiteit en die mag van die moderne staat op sy klaskamers, op sy laboratoria en op die gesindhede van sy werkers.

Die stryd van die onderwys gaan nie alleen om die opheffing van die onbevoorregtes, die ondervoedes en die ongeletterdes nie, maar dit gaan vandag ook oor onderwys vir leierskap, want die struktuur van die samelewing word sodanig dat as jou leier nie deurdrenk is met kennis, kultuur en opvoeding tot verantwoordelikheid nie, kan ontevrede intellektueles ontwikkel in die dinamiet wat samelewing uitmekaar kan blaas.

Spoed en getalle het vandag 'n kenmerk van die samelewing geword, maar spoed en getalle beantwoord nie al ons vrae nie; beslis nie in die onderwys nie. En al beweeg dinge in die onderwys vandag teen sodanige spoed dat 'n mens soms voel dat jy 'n tweede asem daarvoor nodig het, dan moet daar steeds gestrewe word na kwaliteit sonder om egter kwantiteit uit die oog te verloor. Dit is 'n vraag van die een doen en die ander nie nalaat nie.

#### Klassieke nog 'n agterhoedestryd

Die onderwys beïnvloed nie slegs die beskawing nie, die beskawing beïnvloed ook die onderwys. Die tegnologie en die natuurwetenskap het so belangrik geword dat wiskundige, natuurwetenskaplike en tegnologiese vakke in al groter aanvraag kom in die skool en universiteit. Studente van die klassieke begin hulle af te vra hoe hulle kan inskakel by hierdie natuurwetenskaplike era. Die antwoord lê onder andere daarin dat ook die natuurwetenskaplikes 'n algemene opvoeding moet kry waarvan die klassieke 'n deel moet vorm. As dit nie gaan gebeur nie, sal die klassieke teruggedwing word tot 'n agterhoede stryd waar hulle sal moet veg vir hulle bestaan.

#### Roeping

As daar ooit 'n tyd was wanneer die onderwys 'n roeping gehad het, 'n tyd waarin die onderwys geleenthede gehad het, dan is dit vandag. Daar is 'n algemene geroep om meer onderwys: voorskools, in die laerskool, in die hoërskool, in die universiteit en vir volwassenes.

In sy pogings om meer onderwys te gee is die onderwys soos 'n man wat 'n hoë berg bestyg met die doel om die fris suiwer lug op die bergtop te kan inasem. Namate hy hoër styg word sy blik al breër oor die land, die volk, die kultuur en die beskawing wat hy dien. Maar van daardie hoogte sien hy ook die gevare wat sy beskawing bedreig. En saam met Job vra hy: „Maar die wysheid — waar word dit gevind? En waar is die plek van die verstand?" (om hierdie gevare of te weer) . . .

En saam met Job gee hy die antwoord: „Want vir die silwer is daar 'n plek waar dit uitkom, en 'n plek vir die goud wat hulle uitwas". So is daar 'n plek waar die wysheid

vir die onderwys te vinde is in die Boek van die Eeue.

**Onderwys bevorder een Suid-Afrikaner nasieskap**

Afgesien van die bydrae van die onderwys tot die omskepping van ons beskawing van sy oorwegend landboukarakter na 'n oorwegend nywerheids-karakter het die onderwys ook ongemerk, deur sy eie toenemend Suid-Afrikaanse karakter, 'n bydrae tot nasiebou gelewer.

Sedert die daglumier van die menslike geskiedenis het diegene wat met die jeug te doen gehad het, hulle besig gehou daarmee om die sedes en gewoontes van die groep op die jeug oor te plant.

Die oorspronklike Hollandse nedersetters aan die Kaap, aangevul deur die Franse Hugenote en die Britse veroweraars sowel as kolonies Duitse immigrante, afgesien van kleiner getalle immigrante uit ander lande, is die materiaal waaruit ons nasie saamgestel is.

Met die ontdekking van diamante en goud het talle fortuinsoekers die land binnegestroom, sommige wat nie eers 'n begrip gehad het van wat reg en verkeerd is nie. Ten opsigte van al hierdie elemente, moes die onderwys sy bydrae maak om hulle saam te smee tot 'n Suid-Afrikaanse nasie.

Aan die begin was die proses stadig, maar namate 'n eie Suid-Afrikaanse gees en nasiebewuswording begin groei het, onder andere deur die aanwending van moedertaalonderwys, het al die groepe nader aan mekaar begin beweeg, en sommige is reeds so volledig in die ander groepe opgeneem dat 'n Blanke Suid-Afrikaanse nasie geruime tyd al 'n voldonge feit is.

Waar aan al die taalgroepe dieselfde onderwysprogramme gebied is, soms in dieselfde skool, kon dit nie anders nie as dat die onderwys die fondament vir nasieskap gelê en daarop gebou het.

Vandag kom weer eens duisende andertaliges uit Europa en van elders, weer eens na Suid-Afrika. Die onderwys het reeds 'n program vir hulle versuidafrikaansing opgestel en voer dit reeds uit.

Waar ons gemeenskappe weer 'n komplekse samestelling begin aanneem en daar weer eens verskillende taal- een godsdiensgroepe begin ontstaan, het die onderwys 'n besondere taak om hierdie verskille as 'n uitdaging te aanvaar en daardie

verskille wat ons beskawing sal verryk te identifiseer om in ons beskawingspatroon in te bou en om daardie verskille wat 'n vernietigingselement in hulle het ook te onderskei en op die agtergrond te laat vervaag.

**Slot**

As ons kyk na ons land en ons volk en sien dat dit 'n vrye land met 'n vrye volk is — as ons kyk na ons onderwysgeriewe en die hoë onderwyspeil van ons mense — hulle tegniese vaardigheid en hulle ekonomiese voorspoed — as ons hulle meertaligheid, politieke volwassenheid en bemeestering en aanwending van die wetenskappe, hulle beoefening en genieting van die beeldende en uitvoerende kunste, hulle sportprestasies op internasionale velde, hulle sosiale gewete en hulle Christelike lewensuitkyk betrag, dan sien ons dat ons onderwys die toets deurstaan het.

Ons is diep in die skuld by die bouers van ons volk, ons onderwysers. Hierdie volksgebou, die oprigting waartoe hulle 'n groot — miskien die grootste — bydrae gemaak het, staan daar tot 'n lewende monument vir hulle. En elke keer as u of ek met 'n onderwyser in aanraking kom, dan behoort ons diep in ons gemoed te sê: Hier is die mens se grootste bondgenoot in die stryd van vryheid en reg teen onderdrukking, in die stryd van kennis teen die duisternis van onkunde en in die stryd van die waarheid teen die leuen. En omdat hierdie dinge dan so is — sal ek sorg dat hy in my gesin en my volk 'n ereplek kry, want hy het my geleer om my naaste te dien.

A. L. Kotzee.

Pretoria.